Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Buitengewone
Staatskoerant
Government Gazette
Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) *(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

(REGULASIEKOERANT No. 387) Prys 10c Price Oorsee 15c Overseas POSVRY – POST FREE (REGULATION GAZETTE No. 387)

VOL. XIII.] PRETORIA, 4 SEPTEMBER 4 SEPTEMBER 1964. [No. 894.

No. R. 225, 1964.]

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP TRAANGAS, 1964.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sewe* van die Wet op Traangas, 1964 (Wet No. 16 van 1964), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet op die eerste dag van Januarie 1965 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

B. J. VORSTER.

No. R. 225, 1964.]

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

COMMENCEMENT OF THE TEAR-GAS ACT, 1964.

By virtue of the powers vested in me by section *seven* of the Tear-Gas Act, 1964 (Act No. 16 of 1964), I hereby declare that the provisions of the said Act shall come into operation on the first day of January, 1965.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fifth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. J. VORSTER.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 1370.] [4 September 1964.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE (No. 2/399).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 1370.] [4 September 1964.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE (No. 2/399).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

BYLAE.

Item.	Artikel.	Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedui.
463	Deur paragraaf (1) deur die volgende paragraaf te vervang:— „(1) (Geen paragraaf.)". Deur paragraaf (2) deur die volgende paragraaf te vervang:— „(2) (Geen paragraaf.)".	

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die kortingvoorsienings op sekere ongebleikte weefstowwe, gebruik vir verwerking tot tekstieldrukstowwe met 'n gebleikte of gekleurde grond, ingetrek word.

SCHEDULE.

Item.	Article.	Duty rebated as under.
463	By the substitution, for paragraph (1), of the following paragraph:— "(1) (No paragraph.)". By the substitution, for paragraph (2), of the following paragraph:— "(2) (No paragraph.)".	

NOTE.—The effect of this notice is to withdraw the rebate provisions for certain woven unbleached fabrics used for conversion into textile prints having a bleached or dyed ground.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE.

No. R. 1369.] [4 September 1964.

VOORSORGFONDS EN PENSIOENSKEMA VIR TEGNIESE KOLLEGES.

Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragraaf (*g*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van die Hoger Onderwijs Wet, 1923 (Wet No. 30 van 1923), die regulasies wat by Goewermentskennisgewing No. 977 van 28 April 1950 uitgevaardig is, gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling na subparagraaf (2) van paragraaf 46 by te voeg: —

„Met dien verstande dat in die geval van 'n persoon in item (iii) van klousule (*b*) bedoel, wie se lidmaatskap van die fonds op of na die elfde dag van September 1964 ten einde loop, die bedrag van die Regeringsbydrae nie minder is nie as die verskil tussen—

(i) 'n jaargeld gelyk aan vier-derdes van die jaargeld bereken ingevolge klousule (*a*); en

(ii) 'n jaargeld, wat in die geval van sodanige persoon geag word die maksimum bydrae te wees wat die Regering kan maak en wat bereken word volgens die volgende formule: —

$$R \frac{Y \times Z}{100}$$

waarin Y = die jaarlikse gemiddelde van die lid se salaris gedurende die laaste sewe jaar van sy bydraende diens, of gedurende die hele termyn van sodanige diens, naamlik die termyn wat die kortste is; en

Z = die termyn van sodanige diens in jare (enige termyn wat meer maande bevat as dié in die laaste voltooide jaar, moet tot 'n breuk van 'n jaar herlei word deur sodanige getal maande, bereken tot die naaste maand, deur 12 te deel).

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE AND PENSIONS.

No. R. 1369.] [4 September 1964.

PROVIDENT FUND AND PENSION SCHEME FOR TECHNICAL COLLEGES.

The Minister of Social Welfare and Pensions, under the powers vested in him by paragraph (*g*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Higher Education Act, 1923 (Act No. 30 of 1923), has amended the regulations promulgated by Government Notice No. 977 of the 28th April, 1950, by the addition at the end of sub-paragraph (2) of paragraph 46 of the following proviso: —

"Provided that in the case of a person to whom item (iii) of clause (*b*) refers and whose membership of the fund terminates on or after the eleventh day of September, 1964, the amount of the Government contribution shall not be less than the difference between—

(i) an annuity equal to four-thirds of the annuity calculated in terms of clause (*a*); and

(ii) an annuity, which in the case of such person shall be deemed to be the maximum contribution which the Government may make and which shall be calculated according to the following formula: —

$$R \frac{Y \times Z}{100}$$

in which Y = the annual average of the member's salary during the last seven years of his contributory service, or for the whole period of such service which ever is the lesser period; and

Z = the period of such service in years (any period of months in excess of the last completed year to be reduced to a fraction of a year by dividing by twelve the number of months reckoned to the nearest month).

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

No. R. 1368.] [4 September 1964.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *drie* van die Poswet, 1958, (Wet No. 44 van 1958), sy goedkeuring daaraan te heg dat die Tarieflys vir die Internasionale Teleksdiens, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 516 van 30 Maart 1962, soos gewysig verder gewysig word deur die byvoeging, in alfabetiese volgorde, van onderstaande besonderhede.

BASIESE TARIEF.

Land van bestemming.	Minimum koste vir drie minute.	Elke bykomende minuut.	Verslagkoste.
	R	R	R
Guam	8.55	2.85	0.70
Malagasiese Republiek	8.55	2.85	0.50

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

No. R. 1368.] [4 September 1964.

The State President has been pleased in terms of section *three* of the Post Office Act, 1958 (Act No. 44 of 1958), to approve that the Tariff List for the International Telex Service as published under Government Notice No. R. 516 of the 30th March, 1962, as amended, be further amended by the addition thereto of the following particulars in alphabetical order: —

BASIC TARIFF.

Country of Destination.	Minimum Charge for three Minutes.	Each Additional Minute.	Report Charge.
	R	R	R
Guam	8.55	2.85	0.70
Malagasy Republic	8.55	2.85	0.50

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. R. 1376.] [4 September 1964.

VERBETERINGSKENNISGEWING.—PIESANG-SKEMA—WYSIGING.

Proklamasie No. R. 199 van 21 Augustus 1964, word hierby verbeter deur in die Engelse teks van paragraaf (4) van die Bylae die syfer „(12)" deur die uitdrukking „(11)-*bis*" te vervang.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. R. 1366.] [4 September 1964.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944 (WET No. 37 VAN 1944), SOOS GEWYSIG.

VAKLEERLINGKOMITEE VIR DIE MEUBEL-NYWERHEID, KAAPSE AFDELING.

WYSIGING VAN REGSGEBIED.

Ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 334 van 17 Februarie 1925 deur die woorde „die Afdeling Kaap van die Provinsie Kaap de Goede Hoop" te vervang deur die woorde „die landdrosdistrikte Bellville, die Kaap, Paarl, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Wellington, Worcester en Wynberg".

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. R. 1367.] [4 September 1964.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944 (WET No. 37 VAN 1944), SOOS GEWYSIG.

VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE JUWELIERS- EN GOUDSMIDNYWERHEID, DIE KAAP.

VOORGENOME WYSIGING EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Ek, ALFRED ERNEST TROLLIP, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, is voornemens om—

(i) Goewermentskennisgewing No. 1027 van 17 November 1961 te wysig deur—

(*a*) die woord „Kaapstad" waar dit voorkom in die opskrif en in paragraaf (i) van genoemde kennisgewing, deur die woorde „Die Kaap" te vervang;

(*b*) klousules 1, 2 en 3 daarvan wat betrekking het op die vereistes wat nodig is om as vakleerling te begin, leertyd en loonskale, te skrap;

(ii) die voorwaardes hieronder gemeld, voor te skryf as leervoorwaardes ten opsigte van die ambagte wat by Goewermentskennisgewing No. 1027 van 17 November 1961 aangewys is ten opsigte van die nywerheid en gebied waarvoor die Vakleerlingskapkomitee vir die Juweliers- en Goudsmidnywerheid, Die Kaap, by Goewermentskennisgewing No. 1717 van 21 November 1958 ingestel is; en

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. R. 1376.] [4 September 1964.

CORRECTION NOTICE.—BANANA SCHEME—AMENDMENT.

Proclamation No. R. 199 of the 21st August, 1964, is hereby corrected by the substitution in the English text of paragraph (4) of the Schedule for the figure "(12)" of the expression "(11) *bis*".

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. R. 1366.] [4 September 1964.

APPRENTICESHIP ACT, 1944 (ACT No. 37 OF 1944), AS AMENDED.

APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE FURNITURE INDUSTRY, CAPE DIVISION.

AMENDMENT OF AREA OF JURISDICTION.

I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *five* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, hereby amend Government Notice No. 334 of the 17th February, 1925, by the substitution for the words "the Cape Division of the Province of The Cape of Good Hope" of the words "the Magisterial Districts of Bellville, the Cape, Paarl, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Wellington, Worcester and Wynberg".

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. R. 1367.] [4 September 1964.

APPRENTICESHIP ACT, 1944 (ACT No. 37 OF 1944), AS AMENDED.

APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE JEWELLERS' AND GOLDSMITHS' INDUSTRY, THE CAPE.

PROPOSED AMENDMENT AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

I, ALFRED ERNEST TROLLIP, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, propose to—

(i) amend Government Notice No. 1027 of the 17th November, 1961, by—

(*a*) substituting for the words "Cape Town" appearing in the heading and in paragraph (i) of the said Government Notice, the words "The Cape";

(*b*) deleting clauses 1, 2 and 3 thereof relating to qualifications for commencing apprenticeship, period of apprenticeship and rates of wages;

(ii) prescribe the conditions set out hereunder as conditions of apprenticeship in respect of the trades designated under Government Notice No. 1027 of the 17th November, 1961, in respect of the industry and area for which the Committee for the Jewellers' and Goldsmiths' Industry, The Cape, was established by Government Notice No. 1717 of the 21st November, 1958; and

(iii) kragtens subartikel (7) van artikel *sestien* van die Wet te bepaal dat die bepalings van klousules 2, 3, 4, 5 en 6 van die voorwaardes hieronder gemeld, vanaf die datum van voorskrywing van genoemde leervoorwaardes ook van toepassing is op vakleerlinge wat werksaam is in enige ambag wat 'n aangewese ambag was of is en die nywerheid en gebied ten opsigte waarvan genoemde Komitee ingestel is.

VOORWAARDES.

1. KWALIFIKASIES VIR BEGIN VAN VAKLEERLINGSKAP.

Die minimum leeftyd en opvoedkundige kwalifikasies vir die begin van vakleerlingskap is 16 jaar en Standerd VII of 'n verklaring van prestasie, uitgereik deur of namens die skool wat deur die voornemende vakleerling besoek is, waarin gemeld word dat hy op die Standerd VII-peil geslaag het in die vakke Afrikaans, Engels, Rekenkunde of Algemene Wiskunde of Natuur- en Skeikunde, en minstens een ander vak.

2. LEERTYD.

Die leertyd is—

(*a*) vier jaar vir die ambagte „Set van diamante en juwele (uitgesonderd set van markasiet)" en „Graveer"; en

(*b*) vyf jaar vir die ambag „Bewerking van edelmetale en montering (met inbegrip van die set van diamante maar uitgesonderd die set van markasiet)".

3. LONE.

(*a*) 'n Werkgewer moet 'n vakleerling minstens 'n besoldiging betaal wat bereken is teen ondergenoemde persentasies van die besoldiging wat weekliks ingevolge 'n loonreëlende maatreël wat op 'n vakman in die betrokke ambag en gebied van toepassing is, betaalbaar is:—

	Persentasie.
(i) Vir ambagte wat vier jaar opleiding vereis:—	
Eerste jaar	30
Tweede jaar	35
Derde jaar	50
Vierde jaar	75
(ii) Vir ambagte wat vyf jaar opleiding vereis:—	
Eerste jaar	30
Tweede jaar	35
Derde jaar	40
Vierde jaar	55
Vyfde jaar	75

(*b*) By die toepassing van hierdie klousule, omvat besoldiging ook die lewenskostetoelae wat ooreenkomstig die skale soos geproklameer ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, soos van tyd tot tyd gewysig, of ingevolge 'n loonreëlende maatreël betaalbaar is.

(*c*) 'n Werkgewer moet ten opsigte van elke vakleerling wat in besit is van of die opvoedkundige kwalifikasies verwerf soos gemeld in subklousule (*b*) van klousule 6, die besoldiging waarop hy kragtens subklousule (*a*) van hierdie klousule geregtig is, aanvul met minstens die bedrag hieronder genoem:—

Groep I	R0.50 per week.
Groep II	R1.00 per week.
Groep III	R1.50 per week.
Groep IV	R2.00 per week.
Groep V	R2.50 per week.

(*d*) Die besoldiging van 'n vakleerling wat 'n Nasionale Diploma of 'n gelykwaardige sertifikaat verwerf gedurende die tydperk van sy vakleerlingskap, moet met 'n bedrag van R4 per week aangevul word vanaf die datum waarop sodanige sertifikaat verwerf is; met dien verstande dat die bedrag verminder moet word met die bedrag wat ingevolge subklousule (*c*) van hierdie klousule betaalbaar is.

(*e*) Indien 'n werkgewer en 'n voornemende meerderjarige vakleerling, voordat hulle 'n vakleerlingkontrak aangaan, ooreenkom dat 'n hoër besoldiging betaal moet word as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word, moet sodanige hoër besoldiging in die kontrak gemeld en aan die vakleerling betaal word.

4. TEGNIESE STUDIES.

(*a*) 'n Vakleerling wat nie alreeds ten opsigte van vakke wat betrekking het op die ambag waarvoor hy ingeskryf, is in besit van die sertifikaat of die alternatiewe kwalifikasie wat in subklousule (*b*) van hierdie klousule voorgeskryf word, is nie, moet tegniese klasse bywoon wat met sodanige ambag in verband staan en sodanige klasse moet gegee word ooreenkomstig die leerplanne wat deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap voorgeskryf word vir die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel I en Deel II; en moet bygewoon word by die naaste tegniese inrigting wat uitsluitlik of gedeeltelik uit openbare fondse in stand gehou word; met dien verstande dat waar daar geen fasiliteite vir die bywoning van klasse in enige kursus of 'n gedeelte daarvan binne 12 myl vanaf die vakleerling se woning beskikbaar is nie of waar daar van hom vereis word om klasse gedurende die gewone werkure by te woon en sy werkplek nie binne 12 myl vanaf sodanige

(iii) determine in terms of sub-section (7) of section *sixteen* of the Act, that the provisions of clauses 2, 3, 4, 5 and 6 of the conditions set out hereunder shall from the date of prescription of the said conditions of apprenticeship also apply to apprentices who are employed in any trade which is or was a designated trade in the Industry and area in respect of which the said Committee was established.

CONDITIONS.

1. QUALIFICATIONS FOR COMMENCING APPRENTICESHIP.

The minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be 16 years and Standard VII or a statement of attainment issued by or on behalf of the school attended by the prospective apprentice reflecting a pass at Standard VII level in the subjects Afrikaans, English, Arithmetic or General Mathematics or Physical Science and at least one other subject.

2. PERIOD OF APPRENTICESHIP.

The period of apprenticeship shall be—

(*a*) four years in the trades of "Diamond and Jewel Setting (excluding Marcasite Setting)" and "Engraving"; and

(*b*) five years in the trade of "Precious Metal Working and Mounting (including Diamond Mounting but excluding Marcasite Working)".

3. RATES OF WAGES.

(*a*) An employer shall pay an apprentice remuneration not less than that calculated on the following percentages of remuneration payable weekly in terms of any wage-regulating measure applicable to a journeyman in the relative trade and area:—

	Percentage.
(i) In four-year trades:—	
First year	30
Second year	35
Third year	50
Fourth year	75
(ii) In five-year trades:—	
First year	30
Second year	35
Third year	40
Fourth year	55
Fifth year	75

(*b*) For the purpose of this clause remuneration shall include any cost of living allowance payable in accordance with the rates proclaimed in terms of the War Measure No. 43 of 1942, as amended from time to time or under any wage-regulating measure.

(*c*) An employer shall in respect of every apprentice who is in possession of or attains such educational qualifications as indicated in sub-clause (*b*) of clause 6, supplement the remuneration to which he is entitled in terms of sub-clause (*a*) of this clause, by an amount not less than that indicated hereunder:—

Group I	R0.50 per week.
Group II	R1.00 per week.
Group III	R1.50 per week.
Group IV	R2.00 per week.
Group V	R2.50 per week.

(*d*) The remuneration of an apprentice who attains a National Diploma or equivalent certificate during his period of apprenticeship shall be supplemented by an amount of R4 per week as from the date on which such certificate is attained; provided that this amount shall be reduced by an amount payable in terms of sub-clause (*c*) of this clause.

(*e*) If an employer and a prospective major apprentice agree, before entering into a contract of apprenticeship, that remuneration shall be paid at rates higher than those prescribed in this clause, such higher rates of remuneration shall be recorded in the contract and shall be paid to the apprentice.

4. TECHNICAL STUDIES.

(*a*) An apprentice who is not already in possession of the certificate or the alternative qualification prescribed in sub-clause (*b*) of this clause, in subjects related to the trade to which he is indentured, shall attend technical classes, relevant to such trade and in accordance with the syllabuses prescribed by the Department of Education, Arts and Science for the National Technical Certificates, Parts I and II, and conducted by the nearest technical institution maintained wholly or partly from public funds; provided that where facilities for class attendance in any course or part thereof do not exist within 12 miles of the apprentice's

kollege of inrigting geleë is nie, hy in plaas van sodanige bywoning 'n korrespondensiekursus mag volg wat deur die Witwatersrandse Tegniese Kollege vir genoemde kursus of 'n gedeelte daarvan gegee word.

(*b*) 'n Vakleerling moet tegniese klasse bywoon of korrespondensiekursusse volg totdat hy in die eksamen vir die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II, geslaag het; met dien verstande dat 'n vakleerling wat in die eksamen vir genoemde Sertifikaat druip maar wat wel slaag in die ambagsteorie wat betrekking het op die ambag waarvoor hy ingeboek is, nie verdere klasse hoef by te woon of verdere korrespondensiekursusse hoef te volg nie, na gelang van die geval.

(*c*) Waar daar fasiliteite bestaan, moet tegniese klasse gedurende die eerste jaar van die gewone vakleerlingtydperk bygewoon word gedurende die gewone werkure en, vir sover doenlik, vir ses uur per week, hetsy op een dag van die week of, waar sodanige fasiliteite vir bywoning nie bestaan nie, op elkeen van twee dae per week, maar in geen geval mag die bywoning later as 7.15 nm. duur nie; met dien verstande dat, indien klasse op twee dae van die week so gereel word dat dit buite of gedeeltelik buite die gewone werkure val, die vakleerling sodanige klasse moet bywoon in dieselfde week waarin hy sodanige klasse bygewoon het, die tyd wat hy buite die gewone werkure aan klasbywoning bestee het, vrygegee moet word gedurende gewone werkure. Verpligte bywoning van klasse gedurende die tweede of 'n daaropvolgende jaar van die leertyd, geskied buite die gewone werkure; met dien verstande dat, as 'n vakleerling 'n sertifikaat van die betrokke tegniese inrigting toon waarin gemeld word dat hy bevredigende punte vir ywer en vordering behaal het, hy sodanige klasse nog gedurende sy gewone werkure moet bywoon waar sodanige fasiliteite bestaan, en in so 'n geval is bostaande voorbehoudsbepaling insake die vrygee van tyd ten opsigte van klasse wat buite werkure bygewoon is, ook van toepassing.

(*d*) 'n Vakleerling wat 'n korrespondensiekursus ooreenkomstig die bepalings van subklousule (*a*) en (*b*) volg, moet, waar die Registrateur van Vakleerlinge 'n studieplek vir sodanige korrespondensiekursus bepaal het, by sodanige plek studeer, en die bepalings van subklousule (*c*) is *mutatis mutandis* op sodanige vakleerling van toepassing.

(*e*) Ondanks die bepalings van subklousule (*b*), word daar nie van 'n vakleerling wat, nadat hy twee jaar lank klasse bygewoon het of 'n korrespondensiekursus gevolg het, nie 'n Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel I, met die teorie van die ambag waarvoor hy ingeboek is, as een van die vakke waarin daar geslaag is, behaal het nie, vereis om, na gelang van die geval, verdere klasse by te woon of verdere korrespondensiekursusse te volg nie.

(*f*) Van 'n vakleerling wat, as gevolg daarvan dat hy militêre opleiding ingevolge die Verdedigingswet (No. 44 van 1957), soos gewysig, moet ondergaan, vir minstens twee kwartale in enige akademiese jaar nie daartoe in staat is om tegniese klasse by te woon of om 'n korrespondensiekursus te volg nie, word daar nie vereis om sy studies gedurende sodanige jaar voort te sit nie.

(*g*) Die bepalings van subklousule (*c*) en (*d*) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n vakleerling wat voldoen het aan die bepalings van subklousule (*b*) of wat reeds in besit is van 'n hoër tegniese kwalifikasie en vrywillig sy studies in verband met die vak waarvoor hy ingeboek is, voortsit.

5. BETALING VAN KLAS- OF KURSUS- EN EKSAMENGELDE.

'n Werkgewer moet die klas- of kursus- en eksamengelde voorskiet wat aan die tegniese inrigting betaalbaar is deur 'n vakleerling van wie daar vereis word of wat kragtens subklousule (*g*) van klousule 4 verkies om klasse by te woon of korrespondensiekursusse te volg of vir 'n eksamen in te skryf, en die werkgewer moet sodanige gelde aan die betrokke tegniese inrigting betaal en mag die volle bedrag aldus voorgeskiet, van die loon van die vakleerling aftrek in gelyke weeklikse paaiemente van hoogstens R1 per week gedurende die kalenderjaar of die res van die kalenderjaar ten opsigte waarvan die voorskot gemaak is, na gelang van die geval; met dien verstande dat—

(i) indien die vakleerling 'n sertifikaat van die betrokke inrigting toon waarin verklaar word dat hy bevredigende punte vir ywer en vordering behaal het en, behoudens gemagtigde afwesigheid, beide in sy eie tyd en gedurende gewone werkure minstens 90 persent van die moontlike getal klasse bygewoon het of, in die geval van 'n korrespondensiekursus, minstens 90 persent van die volle getal vraestelle gedurende daardie kalenderjaar voltooi het, die bedrag wat ten opsigte van klas- of kursusgelde afgetrek is, deur die werkgewer aan die vakleerling terugbetaal moet word;

(ii) indien 'n vakleerling bewys lewer dat hy in 'n eksamenvak geslaag het, die eksamengeld wat ten opsigte van sodanige eksamenvak van sy besoldiging afgetrek is, deur die werkgewer aan die vakleerling terugbetaal moet word.

6. AMBAGSTOETSE.

(*a*) 'n Vakleerling moet so kort moontlik voor die einde van sy tydperk van vakleerlingskap 'n ambagstoets, wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap afgeneem word, aflê in die praktyk van die ambag waarvoor hy ingeboek is.

residence or where attendence is required of him during ordinary working hours and his working place is not situate within 12 miles of such college or institute, he may in lieu of attendance take a correspondence course conducted by the Witwatersrand Technical College for the said course or part thereof.

(*b*) An apprentice shall attend technical classes or take correspondence courses until he passes the National Technical Certificate, Part II; provided that an apprentice who fails in the examination for the said certificate but obtains a pass in the trade theory relevant to the trade in which he is indentured, shall not be required to attend further classes or take further correspondence courses, as the case may be.

(*c*) Where facilities exist, attendance at technical classes shall, during the first year of the normal period of apprenticeship, take place during the ordinary working hours and be as nearly as practicable for six hours per week, either on one day of the week or where facilities for attendance do not exist, attendance shall be as nearly as practicable on each of two days per week, but in neither case shall attendance extend beyond 7.15 p.m.; provided that where classes on two days of the week are arranged and fall outside or partly outside ordinary working hours, he shall attend such classes and shall during working hours in the same week, be allowed time off equal to the time which he spent at classes which fell outside working hours. Compulsory attendance of classes during the second or any subsequent year of apprenticeship shall be outside ordinary working hours; provided that if an apprentice produces a certificate from the technical institution concerned that he has obtained satisfactory marks for diligence and progress, he shall, where facilities exist, continue to attend such classes during his ordinary working hours, in which event the proviso above will be applicable in respect of time-off to be granted in respect of class attendance falling outside ordinary working hours.

(*d*) An apprentice taking a correspondence course in terms of sub-clauses (*a*) and (*b*) shall, where the Registrar of Apprenticeship has determined a place for the study of such a correspondence course, study at such place and the provisions of subclause (*c*) shall *mutatis mutandis* apply to such apprentices.

(*e*) Notwithstanding the provisions of sub-clause (*b*), an apprentice who after two years class attendance or after taking a correspondence course for two years, has not attained a National Technical Certificate Part I, with one of the passed subjects being the theory of the trade to which he is indentured, shall not be required to attend any further classes or take any further correspondence courses, as the case may be.

(*f*) Any apprentice who as a result of having to undergo military training in terms of the Defence Act (No. 44 of 1957), as amended, is unable to attend technical classes or follow a correspondence course for at least two terms in any academic year, shall not be required to pursue his studies during such year.

(*g*) The provisions of sub-clauses (*c*) and (*d*) shall *mutatis mutandis* apply to an apprentice who has complied with the provisions of sub-clause (*b*) or who is already in possession of a higher technical qualification and voluntarily pursues studies relevant to the trade to which he is indentured.

5. PAYMENT OF CLASS OR COURSE AND EXAMINATION FEES.

An employer shall advance the class or course and examination fees payable to the technical institution by an apprentice who is required to, or who in terms of sub-clause (*g*) of clause 4 elects to, attend any classes or follow correspondence courses or enter for any examination, to the technical institution concerned and may deduct the full amount advanced, from the wages of the apprentice in equal weekly instalments not exceeding R1 per week during the calendar year or the balance of the calendar year in respect of which the advance was made, as the case may be; provided that—

(i) if the apprentice produces a certificate from the institution concerned that he has obtained satisfactory marks for diligence and progress and, subject to authorised absences, attended both in his own time and during ordinary working hours at least 90 per cent of the possible number of classes, or in the case of a correspondence course satisfactorily completed at least 90 per cent of the full number of papers, during that calendar year the sum deducted in respect of class or course fees shall be refunded to the apprentice by the employer;

(ii) If an apprentice produces proof that he has passed in any examination subject, the fee deducted from his remuneration in respect of the examination subject, shall be refunded to the apprentice by the employer;

6. TRADE TESTS.

(*a*) An apprentice shall undergo a trade test, conducted by the Departments of Labour and of Education, Arts and Science, as shortly as practicable before the end of his period of apprenticeship, in the practice of the trade in which he is indentured.

(*b*) 'n Vakleerling wat die onderwyskwalifikasies wat in onderstaande lys gemeld word of gelykwaardige kwalifikasies verwerf het, mag 'n kwalifiserende ambagstoets vrywillig ondergaan in 'n stadium wat nie vroeër mag wees nie as dié in die lys hieronder gemeld. 'n Verdere vrywillige toets of toetse mag onderneem word op 'n datum of datums wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Onderwys, Kuns of Wetenskap bepaal word.

Opvoedkundige kwalifikasies behaal voor of gedurende vakleerlingskap.	Toets mag vrywillig afgelê word.	
	In ambagte wat vyf jaar opleiding vereis.	In ambagte wat vier jaar opleiding vereis.
GROEP I. (*a*) St. IX- of gelykwaardige sertifikaat, met Wiskunde as een vak waarin daar geslaag is..... (*b*) Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat *sonder* Wiskunde as een van die vakke waarin daar geslaag is.... (*c*) Nasionale Senior Sertifikaat (nietegnies) *sonder* Wiskunde as 'n vak waarin daar geslaag is.....	Na 4½ jaar	Na 3¾ jaar.
GROEP II. (*a*) Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat, met Wiskunde as een van die vakke waarin daar geslaag is.... (*b*) Nasionale Senior Sertifikaat (nietegnies) (Matrikulasievrystelling), met Wiskunde as een van die vakke waarin daar geslaag is..... (*c*) Ambagsteorie waarin daar op die peil van Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II, geslaag is.....	Na 4 jaar	Na 3¼ jaar.
GROEP III. (*a*) Nasionale Ambagskoolsertifikaat... (*b*) Nasionale Junior Sertifikaat (Tegnies), met Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin geslaag is (*c*) Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel II)..... (*d*) Nasionale Intermediêre Sertifikaat (Tegnologie) *sonder* Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is.....	Na 3½ jaar	Na 3 jaar.
GROEP IV. (*a*) Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel III)..... (*b*) Nasionale Intermediêre Sertifikaat (Tegnologie), met Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is..... (*c*) Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie) *sonder* Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is.....	Na 3 jaar	Na 2½ jaar.
GROEP V. (*a*) Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie), met Werkwinkelpraktyk as een van die vakke waarin daar geslaag is.....	Na 2½ jaar	Na 2 jaar.

(*c*) 'n Bedrag van R6 is deur 'n vakleerling betaalbaar ten opsigte van die tweede of enige daaropvolgende poging om in 'n kwalifiserende ambagstoets te slaag wat op 'n vrywillige grondslag kragtens hierdie klousule onderneem word.

(*d*) 'n Vakleerling wat 'n ambagstoets ingevolge hierdie klousule ondergaan, moet ten opsigte van die tydperk wat bestee word in verband met een vrywillige ambagstoets en die verpligte ambagstoets, sy gewone besoldiging deur sy werkgewer betaal word ten opsigte van sodanige tydperk van afwesigheid van werk.

(*e*) 'n Tydperk van afwesigheid van werk vir die doel om 'n ambagstoets ingevolge subklousule (*a*) en (*b*) van hierdie klousule te ondergaan, word nie geag verlore tyd te wees nie.

Kragtens die bepalings van subartikel (4) van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, word alle belanghebbende persone wat beswaar teen bogenoemde voorneme het, versoek om dié besware binne 30 dae na die datum van publikasie hiervan skriftelik in te dien by die Sekretaris, Vakleerlingskapkomitee vir die Juweliers- en Goudsmidnywerheid, Posbus 872, Kaapstad.

A. E. TROLLIP,
Minister van Arbeid.

(*b*) An apprentice who has attained educational qualifications scheduled hereunder or equivalents, may voluntarily undergo a qualifying trade test at a stage not earlier than that indicated in the Schedule. A further voluntary test or tests may be undertaken on a date or dates to be determined by the Departments of Labour and of Education, Arts and Science.

Educational Qualifications attained prior to or during Apprenticeship.	Test may be taken voluntarily.	
	In Five Year Trades.	In Four Year Trades.
GROUP I. (*a*) Std. IX or equivalent certificate with Mathematics as one subject of success..... (*b*) Matric or equivalent certificate *without* Mathematics as one subject of success..... (*c*) National Senior Certificate (non-technical) *without* Mathematics as one subject of success.....	After 4½ years	After 3⅔ years
GROUP II. (*a*) Matric or equivalent certificate with mathematics as one subject of success..... (*b*) National Senior Certificate, non-technical (Matric Exemption) with mathematics as one subject of success..... (*c*) Trade Theory pass at National Technical Certificate, Part II level...	After 4 years	After 3¼ years.
GROUP III. (*a*) National Trade School Certificate... (*b*) National Junior Certificate (Technical) with Workshop Practice as one subject of success..... (*c*) National Technical Certificate (Part II)..... (*d*) National Intermediate Certificate (Technology) *without* Workshop Practice as one subject of success....	After 3½ years	After 3 years.
GROUP IV. (*a*) National Technical Certificate (Part III)..... (*b*) National Intermediate Certificate (Technology) with Workshop Practice as one subject of success..... (*c*) National Senior Certificate (Technology) *without* Workshop Practive as one subject of success.....	After 3 years	After 2½ years.
GROUP V. (*a*) National Senior Certificate (Technology) with Workshop Practice as one subject of success.....	After 2½ years	After 2 years.

(*c*) A fee of R6 shall be payable by an apprentice in respect of the second or any subsequent attempt at a qualifying trade test undertaken on a voluntary basis in terms of this clause.

(*d*) An apprentice undergoing a trade test in terms of this clause shall in respect of the period spent in connection with one voluntary trade test and the compulsory trade test be paid his ordinary remuneration by his employer in respect of such period of absence from work.

(*e*) A period of absence from work for the purpose of undergoing a trade test in terms of sub-clauses (*a*) and (*b*) of this clause shall not be deemed to be lost time.

In terms of the provisions of sub-section (4) of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, all interested persons who have any objections to the above proposals are called upon to lodge the objections, in writing, with the Secretary, Apprenticeship Committee for the Jewellers' and Goldsmiths' Industry, P.O. Box 872, Cape Town, within 30 days of the date of this publication.

A. E. TROLLIP,
Minister of Labour.

DEPARTEMENT VAN KLEURLINGSAKE.

No. R. 1371.] [4 September 1964.

WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963.—WYSIGING VAN REGULASIES.

Die Minister van Kleurlingsake het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier-en-dertig* van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet No. 47 van 1963), regulasie T1.1 van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1898 van 21 November 1963 gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling na paragraaf (*d*) van genoemde regulasie in te voeg: —

„Met dien verstande dat waar daar op die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies in enige provinsie 'n losiestoelae hoër as R18 per kwartaal toegeken was, 'n losiestoelae ingevolge hierdie regulasie toegeken kan word tot 'n bedrag van hoogstens R84 per jaar."

DEPARTMENT OF COLOURED AFFAIRS.

No. R. 1371.] [4 September 1964.

COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963.—AMENDMENT OF REGULATIONS.

The Minister of Coloured Affairs has, under and by virtue of the powers vested in him by section *thirty-four* of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act No. 47 of 1963), amended regulation T1.1 of the regulations published by Government Notice No. R. 1898 of the 21st November, 1963, by the insertion of the following proviso after paragraph (*d*) of the said regulation: —

"Provided that where, at the date of commencement of these regulations a boarding allowance in excess of R18 per quarter had been granted in any province, a boarding allowance may be granted in terms of this regulation up to an amount not exceeding R84 per annum."

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 1372.] [4 September 1964.

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staaatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon: —

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 1372.] [4 September 1964.

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings: —

Naam. *Name.*	Adres in kennisgewing vermeld. *Address mentioned in Notice.*	Datum waarop kennisgewing oorhandig is. *Date on which Notice was delivered.*	Datum waarop kennisgewing verstryk. *Date on which Notice expires.*
Head, Harold	31 Dixonstraat/*Street*, Kaapstad/*Cape Town*	1/8/64	31/7/69
Mohamed, Bhana	1 Dertiende Straat/*Thirteenth Street*, Vrededorp, Johannesburg	30/7/64	31/7/69
Ncapayi, Nomavikiviki Greta	1833 Dube-Bantoedorp/*Bantu Township*, Johannesburg	29/7/64	31/7/69

Wapen van die

Republiek van Suid-Afrika

In Kleure

Groot 11½ duim by 9 duim

+

Herdruk volgens plan opgemaak deur die Kollege van Heraldiek

+

PRYS:

R1.10 per kopie, posvry in die Republiek

R1.15 per kopie, buite die Republiek

Verkrygbaar by die Staatsdrukker
Pretoria en Kaapstad

Republic of South Africa

Coat of Arms

In Colours

Size 11½ inches by 9 inches

+

Reprinted to design prepared by the College of Heralds

+

PRICE:

R1.10 per copy, post free within the Republic

R1.15 per copy, outside the Republic

Obtainable from the Government Printer
Pretoria and Cape Town

INHOUD.

No. BLADSY

PROKLAMASIE.

R. 225. Inwerkingtreding van die Wet op Traangas, 1964 1

Departement van Doeane en Aksyns.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R.1370. Doeanewet, 1955: Wysiging van Tweede Bylae 1

Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R.1369. Voorsorgfonds en Pensioenskema vir Tegniese Kolleges 2

Departement van Pos-en-telegraafwese.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R.1368. Tarieflys vir Internasionale Teleksdiens: Wysigings 2

Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R.1376. Piesangskema: Wysiging 3

Departement van Arbeid.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

R.1366. Wet op Vakleerlinge, 1944: Vakleerlingkomitee vir die Meubelnywerheid: Wysiging van Regsgebied 3

R.1367. Wet op Vakleerlinge, 1944: Vakleerlingskapkomitee vir die Juweliers- en Goudsmidnywerheid: Voorgenome Wysiging en Voorskrywing van Leervoorwaardes 3

Departement van Kleurlingsake.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R.1371. Wet op Onderwys vir Kleurlingsake, 1963: Wysiging van Regulasies 7

Departement van Justisie.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R.1372. Die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone Verbied om Byeenkomste By te Woon 7

CONTENTS.

No. PAGE

PROCLAMATION.

R. 225. Commencement of the Tear-gas Act, 1964 1

Department of Customs and Excise.

GOVERNMENT NOTICE.

R.1370. Customs Act, 1955: Amendment of Second Schedule 1

Department of Social Welfare and Pensions.

GOVERNMENT NOTICE.

R.1369. Provident Fund and Pension Scheme for Technical Colleges 2

Department of Posts and Telegraphs.

GOVERNMENT NOTICE.

R.1368. Tariff List for the International Telex Service: Amendment 2

Department of Agricultural Economics and Marketing.

GOVERNMENT NOTICE.

R.1376. Banana Scheme: Amendment 3

Department of Labour.

GOVERNMENT NOTICES.

R.1366. Apprenticeship Act, 1944: Apprenticeship Committee for the Furniture Industry: Amendment of Area of Jurisdiction 3

R.1367. Apprenticeship Act, 1944: Apprenticeship Committee for the Jewellers' and Goldsmiths' Industry: Proposed Amendment and Prescription of Conditions of Apprenticeship 3

Department of Coloured Affairs.

GOVERNMENT NOTICE.

R.1371. Coloured Persons Education Act, 1963: Amendment of Regulations 7

Department of Justice.

GOVERNMENT NOTICE.

R.1372. The Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings 7

TELEGRAAFTARIEWE

BINNELANDSE TELEGRAMME.—(Suid-Afrika en Suidwes-Afrika):—

Gewone:—

Vir eerste 14 woorde of minder	20c
Vir elke bykomende woord	2c

INTERTERRITORIALE TELEGRAMME:—

Gewone na:—

Basoetoland en Swaziland:—

Vir eerste 12 woorde of minder	36c
Vir elke bykomende woord	3c

Noord-Rhodesië en Njassaland:—

Vir eerste 12 woorde of minder	48c
Vir elke bykomende woord	4c

Suid-Rhodesië en Betshoeanaland:—

Vir eerste 12 woorde of minder	36c
Vir elke bykomende woord	3c

Mosambiek:—

Vir eerste 12 woorde of minder	36c
Vir elke bykomende woord	3c

TELEGRAPH TARIFFS

INLAND TELEGRAMS.—(South Africa and South West Africa):—

Ordinary:—

For first 14 words or less	20c
For each additional word	2c

INTERTERRITORIAL TELEGRAMS:—

Ordinary to:—

Basutoland and Swaziland:—

For first 12 words or less	36c
For each additional word	3c

Northern Rhodesia and Nyasaland:—

For first 12 words or less	48c
For each additional word	4c

Southern Rhodesia and Bechuanaland:—

For first 12 words or less	36c
For each additional word	3c

Mozambique:—

For first 12 words or less	36c
For each additional word	3c

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

Die Staatsdrukker, Pretoria. | The Government Printer, Pretoria.